**Lesing 4: Van Dood na Lewe: Die Herstel van die Siel**

*"Hy verkwik my siel…" Psalm 23:3*

**Die Grafdoeke van die Ou Lewe**

Wanneer 'n mens weergebore word, gebeur daar iets onmiddellik en bonatuurlik: die gees word **lewend gemaak.** Maar alhoewel die gees nou lewe het, bly die siel nog vir 'n tyd lank vasgevang in die patrone van die ou lewe, soos Lasarus wat lewendig uit die graf kom, maar nog in grafdoeke toegedraai is.

Die oë sien nog soos voorheen. Die hande doen nog soos voorheen. Die voete loop nog op ou paaie. Die rede? Die siel is nog nie herstel nie. Die verstand is nog geprogrammeer deur die wêreld, die vlees en die ou natuur.

Dit is waarom die grafdoeke **losgemaak moet word.**

**Wat is Sonde werklik?**

Die Bybel gee vir ons 'n dieper definisie van sonde:

*"In werklikheid is ek van my geboorte af al skuldig; van die eerste oomblik van my moeder se swangerskap af het ek sonde gehad." Psalm 51:7, DLB.*

**SONDE** in Hebreeus is die woord, *"Hamartia."* Dit beteken om die merk te mis. Met ander woorde, om nie 'n kolskoot lewe te leef nie.

Jy mag dalk nou wonder wat is hierdie merk wat gemis word. Ons vind die antwoord in Génesis 1:26-27:

*"En God het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld na Ons gelykenis, en laat hulle heers …. En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape."*

Ons lees verder in Romeine 3:23:

*"Almal het gesondig ("Hamartia") en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God."*

Sonde is dus nie net verkeerde dade nie, dit is om **God se oorspronklike doel vir jou lewe te mis.**

**Die Herstel van die Siel**

Na weergeboorte begin die proses van **herstel,** of soos die Skrif dit noem: **heiligmaking.**

*"Hy verkwik my siel…" Psalm 23:3*

**PERSOONLIKE NOTAS**

Die geregtigheid wat jy deur geloof in Christus in jou gees ontvang het, is nooit bedoel om 'n stille, verborge waarheid te bly nie. Dit moet vlees en gestalte aanneem in die alledaagse ritme van jou lewe. Want ware geregtigheid is nie bloot iets wat jy glo nie, maar iets wat sigbaar word in hoe jy leef, dink en reageer. Die plekke waar jy jouself daagliks bevind, jou huis, jou werk en jou verhoudings, word uiteindelik die toneel waarop dit duidelik word wie werklik die troon van jou lewe beklee.

Hierdie herstel beteken dat jou **denkpatrone, emosies en wil** begin verander. Die geregtigheid wat jy reeds in jou gees ontvang het, moet nou **sigbaar word in jou daaglikse lewe.**

Onthou tog: jy is nie bloot 'n toeskouer van God se werk nie, maar die draer daarvan, Sy woning, die nederige erdekruik waarin Hy kies om te woon. Maar 'n huis kan vol lig wees en tog bly die inwoners in die donker as hul oë gesluit is. Daarom moet jou oë oopgaan om te sien wat reeds waar is. Die grafdoeke wat jou sig vertroebel en jou beweging belemmer, moet een vir een verwyder word, van jou gesig, sodat jy kan sien; van jou hande en voete, sodat jy kan leef. Hierdie proses, stadig maar seker, is wat ons die herstel van die siel noem: die bevryding van die mens sodat die lewe wat reeds binne woon, uiteindelik na buite kan vloei.

**Hoe word die Siel herstel?**

Jakobus gee die sleutel:

*"Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red." Jak. 1:21*

Die Griekse woord vir **VUILIGHEID** is *"Ruparia,"* afgelei van *"Rupos,"* wat beteken: oorwas. Soos te veel oorwas jou doof maak, so maak die werke van die vlees, tradisies en die eie-ek jou doof vir God se stem.

Daarom moet ons afstand doen van:

- die ou natuur
- selflewe
- tradisies sonder lewe

Galásiërs 5:19-21 beskryf hierdie werke van die vlees duidelik.

*"Die dinge wat ons sondige geaardheid ons laat doen is bekend: seksuele sondes, onreinheid, losbandigheid, afgodery, towerkuns, vyandigheid, rusie, jaloesie, woede, selfsugtige ambisie, verdeeldheid, partyskappe, afguns, dronkenskap, wilde partytjies en al sulke dinge. Ek herhaal my vroeëre waarskuwing oor hierdie dinge: Wie sulke dinge doen, sal nie as erfgenaam deel hê aan God se koningsheerskappy nie."*

Die oplossing is nie meer moeite nie, maar **meer ontvanklikheid vir Christus.**

**Die Rol van die Lewende Woord**

Wie help jou in hierdie proses? **Jesus Christus, die ingeplante Woord.** Soos jy met Hom *fellowship,* begin jou denke verander. Dit is nie 'n verbetering nie, maar 'n **vervanging van jou denke met Christusdenke.**

**PERSOONLIKE NOTAS**

Soos die stille werk van vernuwing in jou siel voortgaan, begin jou lewe, byna ongemerk, 'n werktuig van geregtigheid word. Nie deur krag of poging nie, maar deur oorgawe. Want solank jy nog steun op die bekende gerief van godsdienstige sekerhede, die reëls, die vorms en die gewoontes wat veilig voel, bly daar iets wat Christus se volle uitdrukking in jou verhinder. Hierdie steunpunte moet, een vir een, laat gaan word. Nie omdat hulle boos is nie, maar omdat hulle onvoldoende is. Die hart van die saak is eenvoudig, maar diep: 'n intieme verhouding met Hom, en met Hom alleen, waar Hy nie net 'n deel van jou lewe is nie, maar die Bron waaruit jou hele lewe vloei.

## PERSOONLIKE NOTAS

Die opwekking van jou gees uit die koue grafkelder van sonde en selfs godsdiens, is wat ons weergeboorte noem. Dit is nie 'n geleidelike klim na lig nie, maar 'n skielike deurbreek daarvan. In een heilige oomblik, wanneer jy Jesus Christus aanneem, word jy nie bloot verbeter nie, jy word nuut gemaak. Die geregtigheid van God word nie iets waarna jy streef nie, maar iets waaraan jy deel kry in Hom. Deur geloof staan jy voor God, nie as iemand wat stadig probeer regkom nie, maar as iemand wat volkome aanvaar is, asof sonde nooit jou verhaal geskryf het nie. Dit alles gebeur nie oor tyd nie, maar in 'n enkele, goddelike oomblik.

*"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is." Joh. 1:12-13*

Ons lees in Hebreërs 12:1-2 vanuit die Nuwe Lewende Vertaling:

*"Met so 'n magtige skare toeskouers rondom ons om ons in die wedloop van die geloof dop te hou—kom ons stroop alles af wat ons spoed kan vertraag, veral die sonde wat so maklik 'n houvas op 'n mens kry. Kom ons hardloop met volharding op die baan wat voor ons uitgestrek lê, ons oë vasgenael op Jesus, die Voorganger en Voleinder van ons geloofswedloop ..."*

Dit is slegs deur **aanskouing** dat **verandering plaasvind.**

*"A man who has no life but physical life cannot understand the things of the Spirit of God. To him they are foolishness and he cannot understand them, because it takes the Spirit to discern them. But a spiritual man exercises his judgment on the value of all things, but he himself is under no man's judgment. For who ever understood the mind of the Lord so as to be able to instruct Him? But we have the mind of Christ." 1 Kor. 2:14-16, William Barclay*

Wat jy aanskou, word jy!

Na jou weergeboorte word jy weer ingeweef in God se oorspronklike Skeppersdoel, nie as 'n buitestander wat probeer aansluit nie, maar as iemand wat van binne af deel het aan Sy plan. Die proses van herstel, wat ons **heiligmaking** noem, is nie 'n poging om geloof te voltooi nie, maar 'n ontdekking van Hom wat dit reeds begin het en getrou is om dit te voleindig. Soos jy Hom **aanskou,** begin iets in jou verander, nie deur inspanning nie, maar deur insig. Die Skrif word nie meer bloot gelees nie; dit word verstaan. Dit ontvou soos 'n lig wat stadig deurbreek, en jy begin sien dat die Koninkryk van God, Sy bewind en Sy heerskappy, nie ver weg is nie, maar binne-in jou gevestig is (Luk. 17:20–21). Met oop oë begin jy met Hom wandel, want Hy is nie net 'n pad nie, maar die enigste Weg (Joh. 14:6). En terwyl die Heilige Gees, wat nou in jou woon, jou lei, word jy nie meer net iemand wat hoor en vergeet nie, maar iemand in wie die Woord gestalte vind, 'n dader, gevorm deur die lewe wat jy ontvang het.

**Die Saad van Christus**

By weergeboorte ontvang jy die **Christussaad** in jou gees. Soos enige saad bevat dit **alles wat nodig** is vir **groei.**

Soos jy:

- die Woord inneem
- met Hom wandel
- jou ou lewe aflê

begin die Saad groei.

Soos 'n blom uit 'n bol groei, begin Christus se lewe in en deur jou sigbaar word. Jy begin dink, praat en leef volgens Sy natuur.

Galásiërs 2:20 beskryf hierdie proses so mooi, *"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegge het."*

**Van Sielsaktiwiteit na Geesaktiwiteit**

Voor weergeboorte was jy sielsaktief, jy het probeer, gesoek en presteer.

Nou word jy geesaktief, jy leef vanuit God se lewe in jou.

Ware weergeborenes:

- aanbid in gees en waarheid
- leef vanuit rus
- word weer produkdoeltreffend

God se oorspronklike plan in Génesis begin weer sigbaar word.

**Die Herstelde Mens**

*"Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al hoe meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is." 2 Kor. 3:18, 1983 Vertaling*

Die verandering is progressief. Elke dag:

- word die eie-ek minder
- word Christus meer (Joh. 3:30)

Die toestand van jou **gees** bepaal jou ewigheid. Die toestand van jou **siel** bepaal jou daaglikse lewe.

*"Geliefde, ek wens dat dit met jou in **alles goed mag gaan** en dat jy **gesond is,** soos dit met jou **siel goed** gaan." 3 Joh. 2*

**Meer as Oorwinnaars**

Ons lees in Romeine 8:37, *"Maar **in al hierdie dinge** is ons meer as oorwinnaars deur **Hom** wat ons liefgehad het."*

Hierdie oorwinning is nie gebaseer op omstandighede nie, maar op die lewe van Christus in jou. Niks kan jou skei van Sy liefde nie.

**Slot: Die Volle herstel van die Mens**

Die pad van die mens begin in Génesis, in heerlikheid en gemeenskap. Deur die sondeval verloor hy sy lig en word sielsgedrewe. Hy probeer homself herstel deur godsdiens, kennis en prestasie, maar sonder sukses.

**PERSOONLIKE NOTAS**

Wat beteken dit werklik om 'n dader van die Woord te wees? Dit is veel meer as blote gehoorsaamheid aan 'n stel voorskrifte. Dit is dat die Lewende Woord, Jesus Christus self, Sy lewe in en deur jou begin uitleef op 'n wyse wat volkome in ooreenstemming is met die Geskrewe Woord, die Bybel. Daar is geen spanning tussen die twee nie, geen teenstrydigheid nie. Soos twee note wat saamklink in volmaakte harmonie, so vloei Sy innerlike lewe en die uiterlike getuienis van die Skrif saam. Om 'n dader van die Woord te wees, is dus nie om iets vir God te doen nie, maar om toe te laat dat Hy in en deur jou doen wat Hy reeds is.

PERSOONLIKE NOTAS

Dan kom Christus. Met die **aanvaarding van Christus** as jou Saligmaker word jy **weergebore** en word jou **gees** opgewek. Gedurende die **heiligmaking** word jou **siel herstel** en uiteindelik gaan die **liggaam verheerlik word**.

*"En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!" 1 Thes. 5:23*

Wat is die einddoel van jou geloof is:

*"En die einddoel van julle geloof, die saligheid (herstel) van julle siele, verkry." 1 Pet. 1:9*

Jy is nou:

- 'n tempel van God (1 Kor. 3:16)
- 'n draer van Sy heerlikheid
- 'n uitdrukking van Christus

Die lewe wat jy nou leef, is nie meer joune nie, dit is Christus wat nou in en deur jou leef.

**Opsomming**

Ons sien in hierdie Lesing dat **weergeboorte** die beginpunt is van 'n nuwe lewe waarin die mens weer deel word van God se oorspronklike Skeppersdoel. In 'n oomblik word die gees lewend gemaak en ontvang die mens die geregtigheid van God deur geloof in Christus. Hierdie nuwe identiteit is nie gebaseer op eie prestasie nie, maar op wat Christus reeds volbring het. Die mens staan nou voor God as geregverdig, volkome aanvaar, en die verhouding wat verlore was, word herstel.

Daarna begin die proses van herstel of **heiligmaking,** waar die siel, die denke, emosies en wil, vernuwe word. Soos 'n mens Christus aanskou en in intieme verhouding met Hom leef, begin die Skrif oopgaan en word dit 'n lewende openbaring eerder as blote kennis. Die Koninkryk van God word nie meer as iets ver gesien nie, maar as 'n werklikheid binne-in die mens (Luk. 17:20-21). Die Heilige Gees lei die weergeborene om nie net 'n **hoorder** van die Woord te wees nie, maar 'n **dader,** iemand in wie die lewe van Christus sigbaar word.

Uiteindelik lei hierdie proses tot 'n lewe waar die mens 'n instrument van geregtigheid word. Alle vertroue op godsdiens, reëls en selfpoging moet prysgegee word, sodat Christus self in en deur jou kan leef. Ware geestelike groei kom nie deur inspanning nie, maar deur oorgawe en aanskouing. Die einddoel is dat Christus meer en die eie-ek minder word, dat die lewe wat in die gees ontvang is, volkome sigbaar word in die daaglikse lewe van die mens.

**Besprekingsvrae**

1. Wat gebeur onmiddellik by weergeboorte?

2. Wat simboliseer die grafdoeke?

3. Wat beteken die woord *“Hamartia?”*

4. Wat is die doel van heiligmaking?

5. Wat beteken die woord *“Ruparia?”*

6. Hoe word die siel herstel?

7. Wat is die rol van die Saad?

8. Wat is die verskil tussen sielsaktiwiteit en geesaktiwiteit?

9. Wat bepaal jou daaglikse lewe?

10. Wat is die einddoel van jou geloof?

**Besprekings Antwoorde**

1. Die gees word lewend gemaak of dan opgewek.

2. Die ou denkpatrone en gewoontes van die siel.

3. Om die merk te mis, God se doel vir jou lewe volgens Génesis 1:26-28

4. Die volkome herstel van die siel.

5. Geestelike *"oorwas"* wat jou verhinder om God te hoor.

6. Deur die ingeplante Woord (Christus).

7. Dit groei en produseer Christus se lewe in en deur jou.

8. Siel probeer; gees ontvang en leef, dit is Sy natuur wat dan in en deur jou funksioneer wanneer jy Geesaktief leef.

9. Die toestand van jou siel.

10. Die volkome herstel van jou siel.